

## Sondag 13 Oktober

**Skrifgedeelte: Handeling 2:37-39**

**Fokusgedeelte: Handeling 2:37-39**

### **Wedergeboorte – 'n oorgang tot aksie**

Die wedergeboorte is 'n wonderdaad van God, wat Hy in sy genade, op grond van Christus se volmaakte werke, in elke uitverkorene bewerk, 'n geskenk wat ons ontvang. Die mens word dan 'n nuwe skepping, opgewek tot 'n nuwe lewe, wat vrug dra in 'n lewe van bekering, gehoorsaamheid en dankbaarheid (DL 3/4.12). Dus: Wedergeboorte gaan oor tot aksie. Ons praat ook baie keer van die eerste bekering, en dan die tweede of verdere bekering. Met die eerste bekering word dan die eenmalige wedergeboorte bedoel wat ons alleen van God ontvang, sonder enige toedoen van ons kant; en met die tweede of verdere bekering 'n lewenslange proses van heiligmaking, waarin die Here ons bewustelik betrek.

In ons Skrifgedeelte sien ons hoe die Here in die harte van sy kinders op 'n “wonderbaarlike wyse werk” (DL 3/4.12) sodat hulle weergebore word, daadwerklik glo en dan vrugte dra van geloof, bekering en gehoorsaamheid. Petrus verkondig die evangelie van Jesus Christus (vs 14-36), en die Here gebruik dit deur sy Gees om hulle wat dit hoor, tot bekering te bring. Ons lees toe hulle die Woord hoor, is “hulle diep in die hart getref” (vs 37) en die gevolg is bekering, dat hulle hul as gelowiges en hulle kinders laat doop (vs 38, 39).

In die verdere gedeelte sien ons hoe hulle vrugte dra wat by die bekering pas, hoe hulle wedergeboorte oorgaan tot aksie: hulle ontvang die woord met blydschap, “en hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede” (vs 41, 42), terwyl hulle ook mekaar versorg het in diensbaarheid (vs 44), en bo alles die Here geprys het vir sy groot genade van redding wat Hy aan hulle geskenk het (vs 47)!

*Sing: Psalm 99-1:4, 5*

*Ds. S le Cornu (Slabbert) (Carletonville)*